

Johannes 10:11, 17 en 18: "Ek is die Goeie Herder!"

Skriflesing Joh10:1 -18

Inleiding

Ons kan slegs verlossing ontvang omdat Hy, die Goeie Herder, aan ons gedink het. Omdat hy vrywillig sy lewe vir ons afgelê het om ons sondes te vergewe en dit weer vrywillig opgeneem het om oorwinning oor dood, sonde en hel te verseker. Jesus was geen slagoffer van geweld nie. Hy kon ons red omdat Hy volmag gehad het om sy lewe vir ons te gee en volmag om dit weer op te neem, tot ons redding! (vers 17,18.)

Agtergrond:

Jesus sê in vers 11 - "Ek is die goeie Herder." Dit is een van sewe "Ek is" uitsprake van Jesus! Jesus wil deur dié uitsprake ons daaraan herinner dat God Hom aan Moses by die brandende bos openbaar het as "Ek is wat ek is!" Deur sy "Ek is" uitsprake maak Jesus aanspraak daarop dat Hy God self is - die God van Israel. Dis sy aanspraak as die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid. Jesus se uitspraak dat Hy die Goeie Herder is, staan ook teen die agtergrond dat die Here, die God van Israel, op talle plekke in die Ou Testament as die Goeie Herder van sy volk verkondig en vereer word.

(Ps 23:1) Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.

(Ps 80:1) Luister tog, Herder van Israel, U wat die nageslag van Josef soos 'n kudde lei;

(Ps 100:3) Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde.

Sien ook Jer 13:17; Miga 7:14; Sag 10:3; en talle ander verwysings in die Profetiese geskrifte.

Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs was maar te bewus daarvan die OT na die Here as Israel se goeie Herder verwys. Dit maak hulle woedend dat Jesus daarop aanspraak maak dat Hy die Goeie Herder is.

Jesus se uitspraak herinner ook aan ander belangrike leiers in die geskiedenis van God se volk wat in die naam van God, herders vir sy kudde was. Jesus maak aanspraak daarop dat Hy in dié tradisie, met volmag wat Hy van sy Vader ontvang het, Herder van God se kudde is.

Die magtige koning Dawid was 'n herder, wat sy pa se skape van 'n leeu en 'n beer gered het - en die volk van die Here van Goliat bevry het en hulle tot werklike vryheid van die onderdrukkende Filistyne en ander, as herder-koning gelei het.

Moses het nie net vir 40 jaar sy skoonpa se skape opgepas nie, maar ook vir 40 jaar die volk van God herderlik versorg! Deur Moses se bemiddeling gee God manna, vars water, skadu en lig - en uiteindelik die beloofde land en vryheid aan Israel. Dawid, Moses, en ander goeie leiers was inderdaad goeie herders. Jesus is die kulminasie van die sorg van God deur middel van herders wat God se sorg en ingrepe in die lewe van sy volk, vlees, mens laat word. "

Jesus maak aanspraak op herderskap soos die van Dawid, Moses en van ander wat die volk van God versorg het. Jesus maak aanspraak daarop dat Hy met die seën en volmag van die Vader, die finale, volmaakte en goddelike Goeie Herder is. "Ek is ..."

Natuurlik het die beskrywende woord "Goeie" groot betekenis. Dit stel Jesus teenoor die rowers en diewe wat voorgee dat hulle herders in God se kudde is, maar net die volk van die Here vir selfsugtige en gierige redes misbruik. Hulle plaas 'n harde juk en swaar las van 'n wet buite God se oorspronklike bedoeling, op die volk van die Here. Dit maak hulle korrupte herders, slegte herders, wat ter wille van hulle eie politieke en ekonomiese agenda hul magposisie misbruik. Hulle het geen empatie of liefde vir die mense van die Here nie. Hulle roof en steel en gaan nie by die ingang van

die skaapkraal in met God se seën nie, maar klim oor die draad en maak aanspraak op herderskap sonder dat hulle die volmag daarvoor van God ontvang het.

Die Goeie Herder neem standpunt in teen korrupsie in elke vorm.

Dit laat mens dink aan wat die Here jare tevore deur die profeet Esegïël aan die leiers van Israel gesê het:

(Eseg 34:1-6) Die woord van die Here het tot my gekom: "Mens, tree op as profeet teen die herders van Israel, tree op as profeet en sê vir hulle, vir die herders: So sê die Here my God: Ellende wag vir die herders van Israel wat net vir hulleself sorg! Moet herders dan nie vir die kleinvee sorg nie? Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie. Julle het nie die swakkes gehelp nie, julle het nie die siekes gedokter nie, julle het nie die wonde van dié wat seergekry het, versorg nie, julle het nie dié wat weggedwaal het, teruggebring nie, julle het nie dié wat weggeraak het, gesoek nie. Julle was harde en wrede regeerders. Die kleinvee was sonder herder en het verstrooi geraak, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere. My kleinvee het rondgedwaal oor al die berge en oor al die hoë heuwels, hulle het verstrooi geraak oor die hele aarde en niemand het hulle gesoek of na hulle gevra nie."

Wie is hierdie herders wat hulle soos rowers en diewe gedra? Wie is die korrupte, gierige en selfsugtige maghebbers wat God se mense so misbruik? Priesters, konings en valse profete. Hulle tree op soos huurlinge. Hulle het geen begrip van eienaarskap, van verantwoordelikheid of liefde vir hulle mense nie. Dit gaan net oor hulle self en hulle eie voordeel.

As Jesus sê - Ek is die Goeie Herder, dan stel Hy Hom teenoor alle korrupte leiers wat voorgee om herders te wees, maar in werklikheid roof, steel en vermink!

Laat elkeen wat mag en gesag oor mense het hoor wat die Woord van God oor korrupte leiers sê! Laat hulle hoor dat hulle hul **teenoor** God en sy bedoeling met mag en gesag en voorregte stel. Dat hulle misbruik van die mense oor wie hulle gesag het, van hulle vyande van God maak! Hulle is vyande van die Christus, wat volmag het om die lewe op te neem en om so te oorwin en om te oordeel oor elke korrupte leier. Politici moet luister, geldmagnate en korporatiewe besigheid moet luister! Die kerk en sy strukture, sy invloedryke leiers, kundige teoloë en gemeentes met baie hulpbronne moet luister!! Volg jy in die voetspore van Jesus, die Goeie Herder, en van God, die versorger van sy volk - of staan jy in die tradisie van die korrupte leierskap in die tyd van Esegïël? Is jy dalk 'n Fariseër uit die tyd van Jesus wat die geestelike nood van die massas gebruik om jou te verryk en jou magsbasis te vergroot!

God sal misbruik van gesag, korrupsie en gierigheid, veral ten koste van mense wat aan hierdie sogenaamde herders uitgelewer is, nooit aanvaar nie. Hy straf en oordeel dit.

Eseg 34: 9 - 11 Hoor die woord van die Here, herders! So sê die Here my God: "Ek gaan optree teen die herders: Ek eis my kleinvee van hulle terug, Ek maak 'n end daaraan dat hulle die kleinvee se herders is, hulle sal nie herders bly net om vir hulleself te sorg nie. Ek sal my kleinvee red en hulle nie deur die herders laat opeet nie." So sê die Here my God: "Ek sal self my kleinvee soek en na hulle omsien."

Ek gaan optree teen elke korrupte herder, sê die Here! Ek duld nie die verdrukking van armes, onkundiges, swakkes, werkloses en wese nie. Die Here duld nie die misbruik van die geestelike en emosionele nood van verlorene vir eie gewin en eie voordeel nie. Die verskil tussen "konings" en "dienaars van Christus se Koninkryk" is radikaal! Want Hy is die Goeie Herder. Sy skape ken sy stem. Hulle luister net na Hom!

Jesus is die Goeie Herder

Jesus sê, "Ek is die Goeie Herder! Sy gehoor het verstaan wat Hy sê.

Ons verstaan ook so goed wat Hy sê, want ons nood en behoefte aan die Goeie Herder is so bitter groot. Die nood van die wêreld aan die Goeie Herder is groot, intens en omvangryk!

Wat doen die Goeie Herder? Volgens Psalm 23 lei Hy die skape na groen weivelde en na rustige waters. Hy verbind hulle wonde. Hy beskerm hulle teen gevaar. Hy soek na die wat weggeraak het. Hy bevry hulle van die doringbos waarin hulle vasgedraai het. Hy tel hulle op as hulle val.

Jesus het gesê: **(Joh 10:14) "Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My"**

Jesus gee om. Hy ken elkeen wat Hom volg by die naam en hulle ken sy stem. Hy sien ons altyd raak en gee persoonlike aandag aan elkeen van ons. Jesus weet wie jy is. Jy is vir Hom belangrik. Wanneer jy Hom aanbid en as jy Hom iets in gebed vra, is jy soveel meer as net nog 'n volgeling en baie meer as bloot een van die miljoene mense wat Hom in die Kerk dien en eer. Christus ken jou persoonlik. Hy ken jou behoefte, jou naam, jou gesig, jou gebed, jou emosies, jou drome en jou vrese.

Jesus is die goeie Herder. Soos die tipiese Palestynse skaapwagter ken Hy sy skape. Hy noem hulle op die naam en hulle ken sy stem.

Maar ons teks gee ons nog 'n rede waarom Jesus na Homself as die Goeie Herder verwys. "*(Joh 10:17,18) "Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het."*

Jesus is die Goeie Herder, want Hy red sy skape ten koste van Homself. Hy lei en regeer in die beste belang van sy skape, in plaas daarvan om in die eerste plek vir Homself eer en heerlijkheid te soek. Hy het vir sy skape gesterf en vir hulle opgestaan. Daarom het die Vader aan Hom meer eer en heerlijkheid gegee as aan enige ander persoon.

Dit is waarom sy skape sy stem ken en Hom met liefde gewillig en gehoorsaam volg.

Dit is waarom ons ook die skape van Christus mooi moet oppas en voed en volgens sy voorbeeld goeie herders van sy kudde moet wees. Dit is waarom ons ons nooit soos diewe, rowers en parasiete in God se werk mag gedra nie!

Ons mag nooit soos die leiers in die tyd van Esegïël, of in die tyd van Jesus, optree nie. Ons moet sy mense versorg volgens sy eie voorbeeld. Dié opdrag geld nie net vir predikante en ouderlinge nie - dit geld vir elkeen wat Christus volg, want ons is almal geroep om sy kudde so lief te hê soos Hy dit het! Is jy, gelowige volgeling van Jesus, gewillig om jou lewe vir die volgelinge van Jesus af te lê? Is jy gewillig om te voorsien in hulle behoeftes, selfs voordat jy na jou eie omsien? Is jy gewillig om op sy roepstem te antwoord as Hy jou roep om jou lewe te gee as voertuig waardeur Hy 'n goeie herder vir sy volk kan wees.

Jesus is die Goeie Herder, wat vrywillig sy lewe gee vir sy skape, vir sy vriende - en wat sy lewe weer op 'n almagtige manier opneem ter wille van ons oorwinning en ewige lewe.

Joh 10:10: Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed

Wat 'n verskriklike ramp sou dit nie wees as Jesus nie vir ons gesterf het nie - en wat 'n ramp as Hy nie opgestaan het nie, want dan was sy dood verniet! Deur die Goeie Nuus oor Jesus Christus te verkondig en uit te leef, kan mense die ware lewe ontvang - en dit in oorvloed!

Wat is die Goeie Nuus van ons Here, Jesus Christus?

- Deur Jesus het God mens geword - een van ons geword om ons te red en te verlos.
- Deur Jesus se dood en vernedering het daar vir ons versoening gekom - is ons sondes vergewe.
- Deur Jesus se opstanding het Hy ons sonde en ons dood oorwin.

- Deur Jesus se verheerliking aan die regterhand van die Vader, het Hy nou Goddelike mag om ons te lei, beskerm en te regeer, elke dag van ons lewe.
- Deur Jesus se wederkoms sal Hy alles finaal goed en nuut maak - ja, 'n einde maak aan elke vorm van korrupsie, sonde, pyn, boosheid en die dood - vir altyd!

Slot:

Jesus is die Goeie Herder.

Vrywillig het Hy sy lewe vir ons afgelê en weer opgeneem. Hy is vir ons geoffer en ter wille van ons het Hy oorwin. Hy alleen is op die troon waar alle mag in die hemel en op die aarde tot ons beswil gebruik word. Hy kom weer om volmaakte vrede, liefde, geregtigheid en lewe vir altyd te verseker!

Dit is die Woord van die Here.

In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.

Amen.